MEMORANDUM:

Die Verval Van Afrikaans By Die Universiteit Van Stellenbosch

Hierdie memorandum skets die glybaan na verengelsing waarin die US verval het. Die memorandum gaan oor voorgraadse onderrig

Definisies

In hierdie memorandum beteken-

Afrikaanse studente	die bruin, swart en wit studente wat Afrikaans-sprekend is.
Afrikaanse Universiteit	'n universiteit waar die administratiewe taal Afrikaans is; waar elke student, met enkele uitsondering, sy voorgraadse graad kan behaal deur onderrig uitsluitlik in Afrikaans te ontvang; studente publikasies hoofsaaklik in Afrikaans is; die omgangstaal op die kampus grotendeels Afrikaans is; algemeen as 'n *de jure* en *de facto* Afrikaanse instelling erken word.
Arabella voorstel	die voorstel dat in die vyf groter fakulteite parallel-medium in die eerste jaar ingestel word en dat in die tweede en derde jaar dubbelmedium sal geld.
Dubbelmedium	'n klas waar Afrikaans en Engels gebruik word.
Engelse studente	bruin, swart en wit studente wat Engelssprekend is.
Parallel-medium	waar klas vir 'n vak in beide Afrikaans en Engels aangebied word maar afsonderlik.
Raad	die Raad van die Universiteit van Stellenbosch.
Swart studente	die swart studente (merendeels Xhosa studente) uitgesluit die bruin studente.
US	Universiteit van Stellenbosch.

Verengelsing

Die US is besig om bo alle twyfel hals oor kop te verengels en die feite hierin vermeld staaf dit. Is die verengelsing van die US die bestuur en die Raad se wens? Die US staan by 'n kruispad en daar moet nou 'n definitiewe keuse gemaak word wat duidelik uitgespel moet word.

Finale Besluit

Die toekoms van die US as 'n Afrikaanse instelling hang af van watter besluite daar oor die volgende paar maande geneem gaan word. Indien die huidige proses van verengelsing van die US nie deur die Raad met doelgerigte Raadsbesluite gestuit en teengewerk gaan word nie, sal die US eersdaags *de facto* en *de jure* 'n Engelse universiteit wees en daarna sal dit stellig vir altyd te laat wees om die proses om te draai.

Elke Raadslid besef hopelik die gewigtigheid van die oomblik. Dit is vir al die rolspelers belangrik om bewus en sensitief te wees vir die omvang van wat alles op die spel is. Die besluit van die Raad gaan op die kampus en ver buite die grense van die US miljoene

mense oor baie geslagte ten nouste raak. Die reperkussies van ’n verkeerde besluit is van onmeetbare omvang.

Taalvriendelik

Dit is onbegryplik waarom enigeen ’n behoefte het om die US te verengels. Die studente wil, volgens drie meningsopnames[1] wat onlangs gemaak is, die US as ’n Afrikaanse universiteit behou. Die Konvokasie het konstant deur middel van mosies en verkiesings hul wens dat die US Afrikaans moes bly, bekragtig. Die Donateurs en elke Afrikaanse instansie en elke politieke party wat al ’n mening oor die US gehuldig het, het hul eweneens kragtig uitgespreek vir die behoud van die US as’n Afrikaanse universiteit. Die vraag kan gevra word: deur wie en waarom word die proses van verengelsing so genadeloos gedryf? Waarom word dit op die US afgedwing?

Alhoewel die US voorheen vir dekades as 'n Afrikaanse instelling bekend gestaan het[2], was dit 'n kenmerk van die US dat daar op die kampus en in die klas 'n ontspanne atmosfeer teenoor Engels en Engelse studente geheers het. Vir ten minste 50 jaar (tot ongeveer die einde van die vorige eeu) was die getalle verhouding Afrikaanse tot Engelse studente ongeveer 80%-20%. Die Engelse studente het tuis gevoel en was lojaal teenoor die US. Alhoewel die administratiewe taal Afrikaans was en klas in Afrikaans gegee was, kon toetse en eksamens (mondelings en skriftelik) in Engels afgelê word en vrae kon in Engels gestel word. Die US was 'n taalvriendelike, gemaklike en ontspanne plek waar goeie gesindhede geheers het en goeie vriende vir die US en Afrikaans gemaak is.

Grondwet

Dit is sonder twyfel die US se grondwetlike reg om 'n Afrikaanse universiteit te wees. Artikel 29 (2) van die grondwet bepaal dat:

Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings oorweeg met inagneming van-

(a) billikheid;
(b) doenlikheid; en
(c) die behoefte om die gevolge van wette en praktyke van die verlede wat op grond van ras[3] gediskrimineer het, reg te stel.

Daar is min twyfel dat dit billik en doenlik is dat die US 'n enkelmedium Afrikaanse instelling moet wees, veral na aanleiding van die ondersteuning wat die Gerwel verslag aan hierdie standpunt gee.[4]

---

1 Die verslag van van der Walt & Steyn, Leibowitz en Schlemmer

2 Ook vir ’n bepaalde idee gestaan het!

3 Soos hieronder aangetoon bring verengelsing geen rasse transformasie nie.

4 Die bangmaakstorie dat as die US nie verengels nie die Minister sal ingryp en die US onder administrasie sal plaas, het - selfs al dreig die Minister self om dit te doen – niks om die lyf nie. Dit is sleg om vir koue pampoen te skrik.

Die Gerwel verslag

Die Gerwel verslag, wat deur die regering aanvaar is, beveel aan dat een of meer universiteite die taak opgelê moet word om die ontwikkeling van Afrikaans te bevorder en huldig die mening dat die US een van daardie universiteite moet wees wat die primêre verantwoordelikheid opgelê moet word om Afrikaans op 'n volgehoue wyse te bevorder. Die verslag meld dat die wyse waarop die verpligting om Afrikaans te bevorder in die praktyk uitgevoer moet word in wese oorgelaat moet word aan die bepaalde universiteite.

Dit is duidelik dat die pad oop is vir die US, as hy die keuse daarvoor maak, om die US as 'n Afrikaanse universiteit te vestig.

Internasionale Benadering

Die internasionale gemeenskap erken die reg van alle mense om hul taal vry en onbevange te gebruik en moedertaal onderrig te ontvang. Die artikel van Strydom[5], asook die artikel van Geldenhuys en Rossouw[6], stip aan hoe die regte van minderhede internasionaal verskans en bevorder word. Vir die lang lys van internasionale besluite hieroor sien bylae "A" hierby aangeheg.

Lippediens

Strykdeur, terwyl die verengelsing van die US sedert 2002 hand oor hand plaasgevind het, het die vorige Rektor[7] en die vorige voorsitter van die Raad[8] die volgende stellings gemaak:

- *Die US is 'n Afrikaanstalige universiteit wat meertaligheid bevorder.*

  Dr Edwin de la H Hertzog, April 2006;
- *Die US staan sentraal binne 'n Afrikaanse Renaissance.* **Prof CH Brink***;*
- *Die US het 'n spesiale verbintenis met Afrikaans en wil daardie verbintenis behou, en sien ons keuse van onderrigtaal as een manier waarop ons onsself differensieer van ander universiteite deur te se: "Ons is die universiteit wat in Afrikaans klasgee."* **Prof CH Brink** .
- *Die US verbind hom daartoe dat Afrikaans nie alleen oorleef nie, maar dat dit sal groei en vooruitgaan, en as akademiese en wetenskapstaal steeds verder sal ontwikkel.* **Prof CH Brink** .
- *Die US streef daarna om die universiteit van eerste keuse vir alle Afrikaans- sprekende studente te wees, met 'n breë demografiese profiel, bo-oor die grense van ouderdom, kleur, taal, geld, en woonplek.* **Prof CH Brink** .

---

5 **International Standards For The Protection Of Minorities And The South African Constitution** deur Prof Hennie Strydom. (besoek internet www.fwdeklerk.org.za)

6 **The International Protection Of Minority Rights** deur Deon Geldenhuys en Johann Rossouw. (besoek internet www.fwdeklerk.org.za)

7 Dr Chris Brink

8 Dr Edwin de la H Hertzog

- *Die US is daarvan oortuig dat daar in SA minstens een, en waarskynlik twee universiteite kan wees wat Afrikaans as eerste onderrigtaal gebruik; die US het 'n uitstekende saak uit te maak om so 'n universiteit te wees, en dit moet doen.* **Prof CH Brink**
- *Dat die US haarself nog op 'n glybaan na verengelsing, nog in isolasie wil bevind a.g.v. die gebruik van onderrigtaal.* **Prof CH Brink** .

Ongelukkig was al hierdie stellings slegs lippediens. Terwyl die een ding gesê is, het die ander ding gebeur. Die T-opsie (dubbelmedium) is ingestel en die proses van verengelsing het van daardie oomblik versnel en al hoe feller geword.

Trou aan ondernemings

Die status van 'n instelling en die respek waarmee dit bejeen word kleef onlosmaaklik aan die uitvoer van beloftes wat gemaak is en die nakom van ondernemings wat gegee is. Die gemeenskap kan van die US verwag dat sy woord sy eer is. Trouheid aan ondernemings is ononderhandelbaar.

Die verval van die US in 'n proses van verengelsing moet, vir die respek, status en agting wat die US nastreef, gestuit en omgedraai word. Indien dit nie gebeur nie sal die US stellig die reputasie verwerf van ruggraatloosheid.

Die T-opsie

Die T opsie[9] is, soos die huidige kansellier Dr van Zyl Slabbert dit korrek gestel het, *pedagogiese onsin*. Daar is talle geskrifte in die argief van die US se Taal Taakgroep weggebêre[10] wat die T-opsie sterk kritiseer. Uit hierdie dokumente kom, om slegs enkeles aan te haal, die volgende kommentaar:

> ***Uit jare se ervaring in doseerlokale weet ons dat 'n klasreeks wat in beide Engels en Afrikaans aangebied word, weliswaar 'n idealistiese idee is, maar helaas in die praktyk sal beteken dat die posisie van die minderheidstaal geërodeer sal word.*** **Andre P Brink, Tom Dreyer en Etienne van Heerden**

> ***Dit is duidelik dat die wyse waarop die taalbeleid geïmplementeer word nie 'n bevredigende oplossing bied om die behoud van die Afrikaanse karakter en gebruik van Afrikaans as algemene leer- en onderrigtaal aan universiteit van Stellenbosch te verseker nie. Volgens die huidige beleid, is die verstek voorgraadse onderrigtaal Afrikaans, en die nagraadse voertale Engels en Afrikaans wat na 'n redelike ooreenkoms klink. Met die implementering, egter, blyk dit dat dit om verskeie redes nie prakties haalbaar is nie.***
> **Dr Margot Steyn**

> ***Daar is nêrens …… enige oortuigende akademiese argumente geopper vir dubbelmediumonderrig nie, terwyl die redenasie daarteen, gerugsteun deur navorsing, verdoemend is vir die kleiner taal.*** Elsa Joubert, Abraham de Vries, Leonard Koza, George Weideman - opstellers van die skrywersversoek geteken deur 128 skrywers.

[9] Die woord "T-opsie" het skielik uit die leksikon van die US verdwyn.
[10] Hierdie kritiek is nooit aan die Raad openbaar nie.

Die enigste rede waarom die T-opsie ingestel was, was om transformasie te bevorder en Engelse studente in hul eerste jaar meer ter wille te wees. Alhoewel die T-opsie 'n versigtige geboorte gehad het en daar bepaal was dat die T-taalspesifikasie net in sekere beperkte omstandighede toegelaat kon word, het hierdie maatreël gou hand uitgeruk.[11]

Dit is 'n bewese feit dat dubbelmedium ondeugdelik is[12]. Dubbelmedium word verder lamgelê en selfs belaglik gemaak deurdat dosente aanstel word wat Afrikaans nie verstaan nie en soms selfs vyandig teenoor Afrikaans staan[13]. Wat gebeur dan in 'n dubbelmedium klas?[14]

Transformasie

Die debat of taal (Afrikaans) moet wyk om transformasie te bevorder is, alhoewel lewendig en belangrik, nie by die US van toepassing nie.

RAU kon as Afrikaanse instelling nie staande bly met die groot nabygeleë townships as voedingsbron nie. Tukkies en UOVS het onder soortgelyke druk gekom. Stellenbosch het nie 'n groot township op sy voorstoep nie. Swart studente wat in en om Kaapstad woon gaan liewer na UCT, UWK en Cape Peninsula University (CPU) . Dit is vir hulle moeilik weens die afstand en hoër koste om by die US in te skryf en daarbenewens gee die staat jaarliks meer as R41 miljoen en meer as R46 en meer as R71 miljoen vir die UCT, UWK en CPU onderskeidelik vir lenings vir hulle swart studente terwyl die US minder as R12 Miljoen vir daardie doel van die staat kry[15].

As instrument om transformasie te bevorder het die T-opsie derhalwe misluk. Die getal voorgraadse swart studente het ten spyte van die proses van verengelsing, nie juis gegroei nie. Enige argument dat die verengelsing van die US transformasie na swart stimuleer is ongeldig, want die groei van die swart getalle was uiters stadig. Sien tabel en grafiek hieronder[16].

---

11 Vir hierdie stand van sake is die Taalkomitee hoofsaaklik te blameer.

12 Kenners se kritiek oor dubbelmedium se ondoeltreffendheid is verdoemend. Desnieteenstaande het die US dit heelhuids as die US se primêre onderrigmetode ingestel sonder om 'n enkele studie te doen oor die opvoedkundige gewensheid daarvan. Die grootste euwel van dubbelmedium is, soos dit herhaaldelik in hierdie memorandum gestel word, dat dit vernietigend op Afrikaans inwerk.

13 By Arabella het iemand die aanstel van eentalige Engelssprekende dosente probeer goedpraat omdat net die "beste beskikbare talent" kwansuis aangestel moet word. Dit kan tog nie korrek wees nie. Sal 'n Universiteit in Moskou 'n jong Einstein aanstel wat nie Russies verstaan nie en weier om Russies aan te leer? Daar is ook beweer dat die afskaal van Afrikaanse onvermydelik is omdat Afrikaans nie woorde vir die nuwe tegnologiese terme het nie. As dit so is, slaan al die ander tale in die wêreld oor na Engels? Ongetwyfeld sal die Suid- Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns kan help om nuwe Afrikaanse woorde te skep vir nuwe Engelse woorde.

14 Statistieke is nie tans beskikbaar van hoeveel dosente en amptenare aangestel is wat Afrikaans nie magtig is nie.

15 Ingevolge die National Student Finanscial Aid Scheme (NSFAS)

16 Die tabel en grafiek sluit Krygskunde (Saldanha) studente in. Sonder Krygskunde is die Swart studentegetal vir 2008 slegs 640.

Jaar	Totaal Swart
2003	460
2004	476
2005	558
2006	615
2007	812
2008	899



Omvang van verengelsing

Die proses van verengelsing kan op verskillende maniere gemeet word en hieronder word vier maatstawwe gebruik. Eerstens die relatiewe afname van Afrikaanse studente in verhouding met die totale studentekorps. Tweedens die relatiewe afname van modules waarin daar in Afrikaans klas gegee word. Derdens die toename van die aantal ure wat Afrikaanse studente verplig word om in Engels lesings te ontvang. Vierdens die toename van Engels as Administratiewe taal.

Maatstaf 1

Die toename van die getal Engelse studente

Die aantal Afrikaanse studente bly min of meer konstant soos aangetoon in die tabel en grafiek hieronder

Jaar	Totaal Afrikaans
2003	9677
2004	9666
2005	9802
2006	9737
2007	9735
2008	9702



Huistaal profiel van Bruin Studente

Jaar	Afrikaans	Engels	Totaal Bruin studente	% Bruin Afrikaans	% Bruin van US Totaal
2003	1361	473	1834	74	13
2004	1332	512	1844	72	13
2005	1369	613	1982	69	14
2006	1428	700	2128	67	15
2007	1452	842	2294	63	15
2008	1514	927	2441	62	15

Soos hierbo aangetoon is die Bruin studente hoofsaaklik Afrikaans alhoewel die Engelse komponent van die Bruin groep besig is om te groei.

Huistaal profiel van alle studente

Indien die huidige tendens[17] voortgesit word, sal die US by die jaar 2017 (8 jaar van nou af!) meer Engelse studente as Afrikaanse studente hê, dus *de facto* 'n Engelse universiteit wees (wat die getal Engelstalige universiteite in die Wes-Kaap op drie, en die getal Afrikaansetalige universiteite op nul te staan sal bring, dit in 'n provinsie waarvan 64% van die inwoners Afrikaans as huistaal en slegs 22% Engels as huistaal besig.)

Jaar	Afrikaanse Studente	Engelse Studente
2003	9677	3697
2004	9666	3633
2005	9802	3908
2006	9737	4196
2007	9735	4887
2008	9702	5255
2009	9750	5675
2010	9750	6129
2011	9750	6620
2012	9750	7149
2013	9750	7721
2014	9750	8339
2015	9750	9006
2016	9750	9727
2017	9750	10505



Rasse profiel van Engelse Studente

Jaar	Bruin	Indiër	Swart	Wit
2003	473	192	462	2570
2004	512	166	462	2498
2005	613	181	540	2574
2006	700	181	595	2720
2007	842	217	795	3033
2008	927	207	875	3246



Die US sal, soos die grafiek hierbo aandui, na 2017 waarskynlik 'n wit Engelse Universiteit wees omdat die Engelse komponent hoofsaaklik uit Wit Engelssprekende studente bestaan.

Diegene wat aan die begin so ywerig was om die US te verengels om sodoende die nodige transformasie te bewerkstellig, besef nou dat hierdie argument nie langer opgaan nie omdat

[17] 8% groei van Engelse studente

verengelsing en verswarting bewysbaar nie sinoniem met mekaar is nie. Hulle is dus genoodsaak om nuwe argumente uit te dink. Twee van die "nuwe" argumente waarom die US moet verengels word hieronder behandel.

Die eerste "nuwe" argument is dat aangesien die Engelse studente soveel beter vaar as die Afrikaanse studente, dit die US help met sy visie van om uitmuntend te wees.

Die waarheid is egter dat die Engelse studente swakker vaar as hul Afrikaanse eweknieë. As ons byvoorbeeld kyk na die Afrikaanse studente wat al hulle eerstejaarsmodules geslaag het en vergelyk met die slaagsyfer van die Engelse studente dan was die persentasies in die jare 2000 tot 2008 soos aangedui in die tabel en grafiek hieronder.

	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008
Afrikaanse studente (% wat al hul modules slaag)	39.95	43.07	45.57	39.31	38.78	40.57	43.11	47.67	50.57
Engelse studente (% wat al hul modules slaag)	35.26	35.9	30.94	26.69	24.03	24.3	30.38	32.53	30.43
Verskil	4.69	7.17	14.63	12.62	14.75	16.27	12.73	15.14	20.14



Die afleiding wat gemaak kan word is dat die werklike knap Engelse studente nie na die US kom nie.

Wat ook verontrustend is, is dat hoe meer die US verengels, hoe swakker vaar die Engelse studente



In 2000 was daar 'n klein verskil (4.69%) tussen die Afrikaanse studente en Engelse studente wat al hul modules geslaag het. In 2008, na al die verengelsing, is die verskil uitermatig groot (20.14%)

Die tweede "nuwe" argument wat aangevoer word waarom die US moet verengels, is dat voorsiening gemaak moet word vir die groter getal bruin Engelssprekende studente wat na die US kom, omdat dit vir transformasie belangrik is.

Sonder om in 'n debat betrokke te raak oor die inboet van 'n taal vir die behaal van die regte kleurskakering, moet in gedagte gehou word dat oor die tydperk 2003 tot 2008 die getal Engelssprekende bruin studente gegroei het van 473 tot 972. Die bruin Engelse studente maak slegs 6.48% van die totale studentekorps uit. Moet die hele universiteit verengels vir so min in getal?

Ook moet in ag geneem word dat van die 972 bruin Engelse studente 'n groot persentasie Afrikaans magtig is. Volgens die gereelde All Media Products opname (AMPS) van die SA Advertensie-navorsingstigting praat en lees 74.5% van alle Bruin Engelssprekendes (totaal 610 344) ook Afrikaans in die huis. Dus is 724 van die 972 bruin studente sekerlik Afrikaans goed magtig?

Dit is meer vernuftig om die US Afrikaans te hou en te transformeer met bruin Afrikaanse studente. Die deelnamekoers van bruin Engelse studente aan Hoër Onderwys (HO) staan alreeds op 39,53%, teenoor die wit Afrikaanssprekendes se deelnamekoers van 49,9%. Daar is dus rofweg 'n groeipotensiaal van 7,000 tot 9,000 studente in die Bruin Engelse mark waarvoor al die Engelse universiteite in kompetisie is. Die deelnamekoers van bruin Afrikaanssprekendes (5.39%) is baie laag; Hulle het tans wel 'n klein aandeel in die HO mark, maar hulle het 'n baie groot potensiaal om te groei indien hulle skoolprestasies sou kon verbeter. Daar is dus 'n massiewe potensiële Afrikaanse studentemark in die bruin Afrikaanse gemeenskap en die US sal een van die weiniges (en die enigste in die Wes-Kaap omgewing) wees om aan daardie mark diens te lewer.

Die tweede "nuwe" argument plaas die klem op die verkeerde groep bruin studente en met die verengelsing van die US word aan die Afrikaanse groep 'n onreg aangedoen.

Maatstaf 2

Die toename van modules waar Engels gebruik word..

In 1990 was al die modules (behalwe waar Engels as 'n vak aangebied was) met weinige uitsondering Afrikaans. Tans is van die 1601 modules wat aangebied word, 640 Afrikaans[18] 625 Dubbel en 336 Engels.(40%), . Sien tabel "Voorgraadse Modules" hieronder

[18] Die parallel klasse is by die Afrikaans en by die Engels gevoeg.

Fakulteit	Afrikaans	Dubbel	Engels	Totaal
Lettere en Sosiale Wetenskappe	42	291	100	433
102 - Natuurwetenskappe	90	57	24	171
103- Opvoedkunde	104	10	9	123
104 - Agriwetenskappe	97	113	42	252
105- Regsgeleerdheid	59	1	0	60
106- Teologie	0	38	15	53
107 - Ekon- en Bestuursweten-skappe	109	10	5	124
108 - Ingenieurswese	103	7	23	133
109 - Gesondheidswetenskap	36	97	1	134
111 - Krygskunde	0	1	117	118
Totaal	640	625	336	1601
%	40	39	21	100

Dit is duidelik dat die modules waarin daar in Afrikaans klas gegee word, sedert 1990 dramaties gekrimp het. Die bogenoemde statistieke is boonop onbetroubaar. Baie modules wat amptelik as Afrikaans aangedui word is in die praktyk eintlik dubbelmedium en sommige dubbelmedium modules is in die praktyk strykdeur Engels. So byvoorbeeld het die Regsfakulteit so pas aansoek gedoen om al hul 59 Afrikaanse modules na dubbelmedium oor te skakel. Een van hul argumente is dat dit legitimiteit aan die huidige praktyk sal bring!

Die kreeftegang van Afrikaans word in die grafiek hieronder uitgebeeld. In die middel en selfs die latere deel van die vorige eeu kon 'n Afrikaanse student, met enkele uitsonderings, sy graad in Afrikaans loop sonder om enige Engelse lesings te ontvang. Tans is dit nie moontlik nie. Gemiddeld moet die Afrikaanse student 39% van sy/haar lesings in dubbelmedium deurbring en 21% in Engels.



Wat kan van die bogenoemde gegewens afgelei word?

Omdat Afrikaanse studente in 2008 volgens die tabel hierbo 40% van hul klastyd in Afrikaans deurgebring het, 39% in dubbel en 21% in Engels, volg dit dat gemiddeld die Afrikaanse studente se lesings 60%[19] in Afrikaans is en 40%[20] in Engels is.

[19] 40 + helfte van 39 = 60.
[20] 21 + helfte van 39 = 40

Maatstaf 3

Die klas ure wat Afrikaanse studente in Engels moet loop.

Indien 'n Afrikaanse student 40% van sy/haar klastyd onderrig in Engels[21] ontvang en volgens skatting die gemiddelde voorgraadse student 400 uur per jaar klasloop, kan daar bereken word hoeveel tyd die Afrikaanse studente lesings in Engels ontvang.

Aantal Afrikaanse studente	Klas-ure per jaar: Totaal	Engels	Aantal Engelse Klas-ure Per Jaar
1	400	40%	160
9,702	3,880,800	40%	1,552,320

Dus bring die Afrikaanse studente 1.5 miljoen ure klastyd per jaar in Engelse deur. Enige stelling dat 'n Afrikaanse student nog steeds 'n graad in Afrikaans by die US kan behaal is derhalwe hoogs onwaarskynlik en gemiddeld gesproke, onmoontlik.

Indien die Arabella voorstelle aanvaar word dan word die situasie nog erger want die Afrikaanse klasse sal dan grootliks deur die hele universiteit verval en in die tweede en derde jaar deur dubbelmedium vervang word. Dit sal meebring dat Engelse klas-ure seker amper 50% van die totaal sal wees. Die US se Statistiek Afdeling kan gerus hierdie berekening maak.

Maatstaf 4

Die toename van Engels as Administratiewe taal

Waar die administratiewe taal van die US voorheen uitsluitlik Afrikaans was en publikasies soos "*Die Matie*" feitlik uitsluitlik in Afrikaans verskyn het, is alles nou tweetalig. In die administratiewe omgewing het Engels gelyke status met Afrikaans gekry en kry Engels dikwels voorkeur en selfs die oorhand. Waar, wanneer en deur wie hierdie besluite geneem was, is duister.

Die mate waartoe Afrikaans administratief gly is nie so sigbaar vir diegene wat daagliks op die kampus is nie maar kan duidelik waargeneem word deur diegene wat selde daar kom.[22] Voorbeelde hiervan is legio, om enkeles van baie te noem:

- Die US sluit sy kontrakte met buitestaanders in Engels, selfs waar die ander party Afrikaans is;
- Afrikaanse kennisgewingborde is verwyder en is met Engelse weergawes vervang.
- Die voorsteller en sekondant van 'n mosie in die Senaat oor die kriteria wat moes geld vir die aanstel van dosente wat die taalbeleid en taalplan van die US onbruikbaar sou maak en die verengelsing proses verder sou versnel, het hul mosie eksklusief in Engels ingedien;

---

21 Die aanname werk met gemiddeldes. Daar sal studente wees wat alles in Afrikaans kan loop en daar sal diegene wees wat 50% van hul graad in Engels loop omdat al hul modules dubbelmedium mag wees.

22 Mens dink onwillekeurig aan die storie van die padda wat in 'n pot sit en die water word stadig warm gemaak. Omdat die water so stadig warm word spring die padda nie uit nie en sterf.

- Administratiewe personeel word aangestel in sleutelposisies ten spyte daarvan dat hulle glad nie Afrikaans magtig is nie;
- Die bestuur hou 'n strategiese gesprek wat fokus op strategiese prioriteite wat ingesluit het die Arabella voorstelle. Die gesprek word deur Clem Sunter gefasiliteer en vind in Engels plaas. Dit is ironies maar simbolies van die huidige tendens dat die toekoms van Afrikaans aan die US in Engels bespreek moes word. Hoe tragies is dit nie!
- Op Maandagaand 30 Maart 2009 speel die Maties teen die Pukke rugby op Coetzenburg. Dit gaan jolig, spelers word aan hooggeplaastes voorgestel, die volkslied word gesing en prinsesse word gekroon. Die hele aand is daar geen enkele afkondiging of mededeling in Afrikaans gemaak nie. Alles was deurgaans uitsluitlik in Engels gedoen, ten spyte van die feit dat albei universiteite in die finaal histories Afrikaanse universiteite is. Die ergste van alles is dat niemand gedink het, a' la die padda, dat dit raar is nie! (Sien voetnoot 18 hieronder)
- Adam Tas, 'n Stellenbosse studente-organisasie nooi Mnr Piet le Roux uit om as gasspreker by 'n studenteberaad gehou op 10 Mei 2009 op te tree. Hy lewer sy toespraak in Afrikaans. Engelssprekende studente wat nie Afrikaans magtig is nie, dring daarop aan dat hy Engels moet praat. Die Studentedekaan wat teenwoordig is, beveel le Roux om in Engels voort te gaan. Die US mediawoordvoerder, wat ook 'n deelnemer is, steun die studentedekaan se opdrag en meer nog, maak verskoning dat hy self kort tevore Afrikaans gepraat het! Le Roux weier om na Engels oor te slaan en voltooi sy toespraak in Afrikaans onder protes uit die Engelse geledere.[23]
- Die kantoor van die Studentedekaan versprei in Maart vanjaar amptelike kennisgewings oor die hele kampus uitsluitlik in Engels. Die Departemente Beeldende Kunste, Musiek en Wiskunde plaas alle kennisgewings slegs in Engels op hul kennisgewingborde.

Afleiding

Daar bestaan dus geen twyfel oor die omvangryke proses van verengelsing wat oor die US spoel nie. Die aanduidings is, gemeet aan die bogenoemde vier maatstawwe, dat dit met groot vaart geskied. Indien daar die wil bestaan om die proses te stuit en Afrikaans te herstel, moet die bestuur en die Raad erken dat US besig is om vinnig te verengels en moet 'n strategie in werking gestel word om Afrikaans tot sy regmatige plek te herstel.

Teenstand

Die T-opsie is vir verskillende redes onaanvaarbaar[24]. In elk geval is dubbelmedium klasse aan die US onuitvoerbaar omdat talle dosente aangestel is wat nie Afrikaans magtig is nie inderdaad Afrikaans vyandig gesind is.[25] Dubbelmedium deug ook nie waar studente nie Afrikaans verstaan nie.

---

23 Die US met sy taalbeleid tart die studente tot oproer want die twee tale word in konflik teenoor mekaar opgestel.

24 Dubbelmedium is pedagogies onverantwoordbaar.

25 Die taalplan en taalbeleid van die US, gebrekkig soos dit mag wees, is uit pas met die beleid wat die US volg wanneer dit kom by die aanstelling van dosente en die toelating van studente.

Namate die verengelsing van die US toegeneem het, het teenstand begin opbou. Briewe van protes het in *Die Burger* en elders begin verskyn. Tydens die verkiesing van Raadslede in 2006 en daarna het die Konvokasie en die Donateurs hul wens dat die US 'n Afrikaanse instelling moes wees op ondubbelsinnige wyse uitgespreek. Die direkte en indirekte gevolg was dat die vorige rektor bedank het, die vorige voorsitter uitgetree het en sittende Raadslede wat herverkiesbaar was, deur die Konvokasie en Donateurs met groot meerderhede uitgestem was. Die weerstand van buite het stelselmatig begin toeneem.

Die koms van die nuwe Rektor[26] en die verwerping van die Taaltakspan se 2008 voorstelle oor die wysiging van die Taalbeleid het die teenstand laat afneem in afwagting van nuwe besluite wat geneem moes word. Die taaltoekoms van die US, alhoewel steeds onseker, het 'n sprankie hoop bevat en 'n welkome skietstilstand in die pers meegebring. Daar is min twyfel dat as die Raad nou enige besluit sou neem wat verengelsing stu, daar weer opnuut 'n herrie sal ontstaan wat oor tyd met al hoe groter wordende felheid sal toeneem. Die Arabella voorstelle is tans juis so 'n vonk.

Arabella voorstelle

Die Arabella voorstel om parallel-medium vir die eerste jaar by die vyf groot fakulteite in te stel en daarna dubbelmedium is alreeds deur die SR verwerp. Die Arabella voorstel dat dubbelmedium vir die tweede en derde jaar ingestel moet word is vir baie redes onprakties, ondeurdag en onuitvoerbaar, afgesien van die feit dat die begrip "dubbelmedium" nie in óf die Taalbeleid óf die Taalplan gedefinieër word nie. Om dit tot nog hoër as 'n versteksopsie te verhef is ondenkbaar en dit sal vir seker die dood in die pot vir Afrikaans wees. Alles tesame maak die Arabella voorstel weens die dubbelmedium inhoud daarvan dubbel onaanvaarbaar.

Goedpraat van Arabella voorstelle

Enigeen wat die instel van dubbelmedium probeer goedpraat deur voor te gee dat deur monitering die skadelike effek daarvan beperk kan word, is erg naïef. Trouens, die vorige voorsitter[27] van die Taalkomitee het met die volle ondersteuning van sy komitee die stelling gemaak dat die T-opsie nie moniteerbaar is nie. Boonop stel die dosente dit prontuit dat hulle nie monitering sal duld nie. Die verwagting dat studente sal kla is onrealisties want hulle is afhanklik van die goedgesindheid van die dosent teenoor wie hulle 'n klagte lê.

Die Rektor se stelling

Die Rektor het by Arabella een stelling gemaak wat die bestuur en die Raad met geesdrif kan ondersteun en deurvoer. **Hy het gesê dat niemand wil hê dat die US moet verengels nie**[28]. Wat egter ook soos 'n paal bo water staan is dat die US wel verengels het en nie meer 'n Afrikaanse universiteit genoem kan word nie. Meer nog, die proses van verengelsing versnel daagliks. Die vraag is dus, hoe kan daar gestalte aan die uitspraak van die Rektor gegee word? Hoe kan die US uit sy glybaan na verengelsing gered word en

---

26 Prof Russel Botman

27 Professor Anton van Niekerk.

28 Hierdie opmerking is gemaak teen die agtergrond dat een Raadslid, wat ook 'n dosent is, die stelling gemaak het dat daar by die US geen verengelsing plaasvind nie en dit stellig seker ook selfs glo!

watter besluite kan geneem word om dit te stuit en om te draai? Seer sekerlik nie met die Arabella voorstelle nie, want dit beteken die teenoorgestelde, naamlik 'n vryval na Engels.

Intrenasionale voorbeelde

Afrikaans is nie die enigste taal wat wêreldwyd onder druk is nie. Daar is talle intrenasionale voorbeelde waar die kleinertaal verswelg is deur die sterker taal maar daar is ook voorbeelde van hoe die kleiner tale in sommige omgewings staande bly en oorleef. Dit kan met absolute sekerheid gestel word dat met die werkswyse waarmee die US tans te werk gaan met Afrikaans, daar geen hoop bestaan dat die US 'n Afrikaanse instelling sal bly nie.

Kathleen Heugh[29] ,'n internasionaal bekende kenner van meertalige onderwys skryf aan Prof Hermann Giliomee as volg[30]:

> Dear Hermann
>
> I have looked at your document and what strikes me as most telling and alarming is the table which shows the slippage away from the use of Afrikaans in a few years. This looks grim indeed.
>
> When there is a significant difference in status and use (of the two languages) in reality then what will happen is that the language of lower status, will gradually atrophy or lose further status and use UNLESS VERY CAREFULLY REGULATED (to this end La Ponce is quite correct).
>
> It is unlikely that there would be very careful or strict regulation to protect Afrikaans and the continually changing leadership profiles at US will mean that new powerful persons will not have the historical buy-in which the current office holders may have or to which they agree and commit themselves.
>
> Therefore, if the basic principle is that US is to remain a mainly Afrikaans-medium institution then this would need to be evident in the proportions of time/teaching/classes offered in Afrikaans vs English.
>
> If I were to be able to contribute towards this debate, I would like to suggest, from the distance, that::
>
> There is no doubt that the development of the Afrikaans language, particularly through its use at the highest level of academia in universities in South Africa, is one of the most significant linguistic and academic achievements of the 20th century. South Africa should be proud of this achievement which in the future will stand out as one of the

[29] Kathleen Heugh is the Course co-ordinator of the English Language Pathway. She has taught courses on language policy and planning, bilingual and multilingual education and language acquisition at the Universities of Cape Town and Antwerp. She has recently undertaken large-scale studies on languages and literacy in education in sub-Saharan Africa for various development agencies and governments.

[30] Uittreksels uit haar brief.

accomplishments which provide inspiration to marginalised and smaller language communities of the world.

The Afrikaans language bodies, established to support this language, such as the WAT and the Akademie, have played an enormously significant role in this process. But, it is the actual use of Afrikaans at under-graduate and post-graduate level, and in the publications of high-level academic journals, that the significance lies. It would be neglectful and short-sighted for any organisation to allow the existing resources and expertise in Afrikaans to atrophy in any way. This is simply not, and should not be, about short-sighted political or social revenge, nor should it be a decision based on short-term politically correct expediency for any misgovernance in the past.

Preservation of the linguistic resources of the country is necessary in order to facilitate the process of the further development of South African languages more generally. And it is necessary in order to fulfil the obligations in regard to this which are carefully laid out in our Constitution, which is regarded as exemplary by the international community. – **Kathleen Heugh**

Gevolge van Arabella voorstelle

Tussen die neem van 'n besluit en die reaksie daarop verloop daar 'n tyd. Hierdie draaltyd kan soms lank wees. Die Apartheid wetgewing het byvoorbeeld in die vyftigs plaasgevind en die opstand daarteen het eers in ems 15 jaar later begin plaasgevind.

Die werklike opstand teen die verengelsing van die US sal eers plaasvind wanneer die Afrikaanssprekende gemeenskap finaal besef dat hulle gekul is. Tot op hierdie stadium het hulle nog hoop gehad dat die US as 'n Afrikaanse instelling behoue sal bly [31], maar as die Arabella voorstelle geïmplementeer sou word, sal dit 'n duidelik teken na buite wees dat die US onherroeplik afstand doen van enige voorneme om 'n Afrikaanse instelling te wees.

Die effek van die instel van die Arabella voorstelle gaan bepaalde gevolge hê naamlik:

- Die gaping tussen diegene op die Raad wat teen die verengelsing van die US is en diegene wat dit aanvaar, sal te groot wees en bedankings uit die Raad sal onvermydelik volg.
- Dit is voorspelbaar dat die Viserektor (Onderrig) voltyds net met die taalkwessie te doen sal hê. Dit gaan rof wees, want mense baklei en maak oorlog en sterf vir dinge soos godsdiens en taal en kultuur.
- Emosies gaan rooiwarm wees. Wees verseker dat by die volgende studenteraad verkiesing talle politieke partye gaan toetree. Die taalkwessie gaan verpolitiseer word met duidelike voorspelbare gevolge.
- Soos die verengelsing toeneem, sal die Afrikaanse studente wat dit aan hul bas sal begin voel, besef dat hulle uitverkoop word. Dit sal tot spanning op die kampus teweegbring met ewe voorspelbare gevolge.

[31] Die koms van die nuwe Rektor en die terugkeer na die 2002 taalplan en taalbeleid het nuwe belofte en hoop gebring dat die US reg aan Afrikaans sou laat geskied. Dit het 'n afname in die weerstand gebring.

- Die Rektor sal blameer word dat hy sy uitgesproke wens, dat die US nie moet verengels nie, verloën het.
- Konflik sal op vele terreine voorkom. Dit sal nie help om die blaam te plaas op diegene wat teenstand bied nie omdat hulle wat die veranderings opdring, teen die uitgesproke wens van so baie, die konflik skep.
- Die US gaan seerkry.

JW (Jacko) Maree
Raadslid
16 Mei 2009.

Bylae A

Die skrywers verwys onder andere na:

- artikel 27 van die International Covenant on Civil and Political Rights (1966) wat deur die Suid Afrikaaanse regering geratifiseer is;
- die besluit van the Organization for Security and Cooperation in Europe, (OSCE) in 1975 en die Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities (UN - 1992).
- die uitspraak van the Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities;.
- die 1981 besluit van die Organisasie vir Afrika Eenheid oor die reg van minderhede om hul taal te bevorder en die European Charter for Minority and Regional Languages (1992);
- UNESCO se 1987 Declaration on Race and Racial Prejudice;
- die Europese Parlement se 1987 Resolution on the Languages and Cultures of Regional and Ethnic Minorities;
- UNESCO se "Copenhagen Document"[32]
- die 1990 CSCE's Charter of Paris for a new Europe:
- die 1992 CSCE se *Declaration on the Rights of Persons belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities*.
- die Council of Europe se *Charter for Regional or Minority Languages*
- die instelling in 1993 van die Commissioner on Human Rights and Minority Questions;
- die UN World Conference on Human Rights se 1993 "Vienna Declaration".
- die dokument oor die Protection of Minority Rights gepubliseer in 1994 deur die tien Central European states;
- die Pact on Stability in Europe geneem in Parys deur vyftig Europese State;
- die Council of Europe se 1994 Framework Convention for the Protection of National Minorities.
- die Inter-American Declaration on the Rights of Indigenous People, 1995.
- die Universal Declaration of Linguistic Rights geneem by 'n Wêreld Konferensie op Taalregte gehou in Barcelona in June 1994;
- die voorstelle vervat in The Hague Recommendations regarding the Education Rights of National Minorities, compiled by the Foundation on Inter-Ethnic Relations in 1996;
- die 2007 Declaration of Liberal Democratic Principles concerning Ethnocultural and National Minorities and Indigenous Peoples.

---

[32] Die *Copenhagen Document* stel dit onomwonde "*that persons belonging to national minorities have the right freely to express, preserve and develop their ethnic, cultural, linguistic or religious identity and to maintain and develop their culture in all its aspects, free of any attempts at assimilation against their will*'. Hierdie dokument stel ook verpligtings op regerings ' *to protect the ethnic, cultural, linguistic and religious identity of national minorities on their territory and create conditions for the promotion of that identity'*. Die reg op moedertaal onderwys word spesifiek genoem. Dit word ook aanbeveel dat regerings "*appropriate local or autonomous administrations corresponding to the specific historical and territorial circumstances of such minorities"* moet instel: